HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 33 VAN 2021

3 Augustus 2021

Geagte Ouer/Voog, Onderwyser en Leerder

SPORT EN KULTUURAKTIWITEITE BY DIE SKOOL

Op 31 Julie 2021 het die minister van Basiese Onderwys gewysigde regulasies waarin daar bepaal word dat sport en kultuuraktiwiteite weer by skole mag begin, gepubliseer.
'n Uittreksel vanuit dié regulasies word vir u kennisname aangeheg.

Implikasies vir ons skool en ons unieke omstandighede:

1 Oefeninge in alle sportsoorte en kultuuraktiwiteite mag begin. Dit sluit ook die koor in.

2 Hierdié oefeninge moet aan veiligheidsprotokolle, soos in die regulasies gestipuleer, voldoen.

3 Graad12-leerders word nié betrek by georganiseerde skoolsport nie aangesien hulle oor drie weke Rekordeksamen skryf en wedstryde tydens dié eksamen gaan plaasvind. Ongelukkig gaan geen graad 12-leerder dus oorweeg word vir insluiting in 'n skoolsportspan nie. Graad 12's word dus aangemoedig om eie oefenprogramme vir 'n gesonde leefstyl te volg wat ook voordelig vir hul kognitiewe funksionering tydens die eksamen en voorbereiding daartoe sal wees. Hulle is welkom om skoolfasiliteite vir hierdie fisiese aktiwiteite te gebruik.

4 Alle sportsoorte gaan nou oorvleuel en ons moet by hierdie omstandighede aanpas.

5 Elke sportsoort/kultuuraktiwiteit sal met die ouers en spelers/deelnemers gekommunikeer word. Besonderhede oor oefeninge en wedstryde/optredes sal ook deurgee word.

6 GEEN toeskouers word by enige sport- en/of kultuuraktiwiteite toegelaat nie.

7 Rugby: 'n Vereiste voorbereidende program, soos voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Rugby-Unie, moet nou gevolg word alvorens enige wedstryde gespeel mag word. Die vroegste datum waarop rugby mag begin, sal Donderdag by 'n Unie-vergadering bepaal word. Die gedagte is dat die huidige liga-bepalinge in 2021 afgehandel sal word. 'n Onder 18-Cravenweek en Onder 16-Grant Komo-week word vir Oktober beplan. Ons antisipeer dat die skool individuele spelers sal moet nomineer om aan proewe te gaan deelneem. So kan 'n graad 12-leerder wél vir die Cravenweek-proewe genomineer word. Geen graad 12-speler sal egter vir enige van ons skoolspanne oorweeg word nie.

8 Netbal sal hulle plaaslike liga-wedstryde sonder graad 12-leerders voltooi. Die implikasie is dat ons die 0/17-span vir vanjaar sal moet onttrek. Ons Eerstespan (slegs een graad 12-leerder), en die ander ouderdomspanne kan egter steeds bly deelneem. Meer hieroor later.

9 Atletiek fokus vir die res van die jaar op ons TOP-atlete. Byeenkomste vereis 10 tot 12 deelnemers per byeenkoms en is dus slegs ons beste atlete (tipies Interhoër Goue medaljewenners). Hierdie atlete sal na gesprek met die organiseerders verkieslik nie aan wintersporte deelneem nie, hoewel daar individuele uitsonderings kan wees. Dis egter net prakties dat hierdie groep atlete nou op atletiek fokus.

10 Krieket en rugby gaan hierdie kwartaal direk bots en ons reëling is as volg: Seuns wat nie aan wintersportsoorte deelneem nie, mag en moet gaan krieket oefen. Ons kan dan bv. ’n senior en junior krieketspan in die veld stoot om vriendskaplike wedstryde te speel of aan spesiale toernooie deel te neem. In die vierde kwartaal sal krieket dan voluit vir alle ouderdomme begin en na 2022 oorloop.

11 Tennis: Toer na Bethlehem: Ons het besluit om van hierdie toernooi te onttrek weens die voortgesette gevaar van Kovid. Dié toer behels dat spelers moet saam bly, saam ry, saam eet en selfs in die aande aan sosiale aktiwiteite deelneem. Ons sal eerder fokus op plaaslike wedstryde en/of toernooie indien beskikbaar vir 2021.

12 Dit spreek vanself dat ons nie nou enige toere sal goedkeur totdat die risiko van Kovid aansienlik verlaag het nie.

13 Hokkie sal vir die res van 2021 fokus op voorbereiding vir 2022 aangesien hul ligas gekanselleer bly. Intensiewe vaardigheidsontwikkeling en kondisionering kan vir hierdie sportsoort van groot waarde wees. Vriendskaplike wedstryde kan moontlik plaasvind.

14 Landloop oefen en gaan voort soos normaal.

15 Ons gaan ons fasiliteite oordeelkundig moet gebruik aangesien almal op dieselfde tye by die skool gaan oefen. Verdraagsaamheid en akkommodering gaan van almal vereis word om dit te maak werk.

16 Skiet, skaak, tafeltennis e.a. kan voortgaan soos normaal.

17 Swem kan ook met ’n oefenprogram voortgaan sou hulle dit benodig – moontlik vanaf September 2021.

18 Ons jaarlikse Kriewelfees bly gekanselleer aangesien geen mense in ’n gehoor toegelaat word nie. Enige sulke aktiwiteite kan aanlyn aangebied word.

19 Tienertoneel gaan voort sonder ’n gehoor, behalwe beoordelaars waar van toepassing.

20 Ons Musiekmagneetskool is ook weer ten volle operasioneel. Eisteddfod mag sonder ’n gehoor plaasvind. Slegs deelnemers en beoordelaars word toegelaat.

Ons wys weer daarop dat elke sportsoort/kultuuraktiwiteit met die deelnemers en hul ouers detail-inligting sal deel, sodat almal betyds ingelig is om hul eie beplanning te kan doen.

Sleutelwoorde vir hierdie tyd wat voorlê, is:
Verdraagsaamheid
Begrip en Geduld
Akkommodering en aanpassing
Opoffering en buigsaamheid

Ons kan ongelukkig nie vandag reeds sportbepalinge vir die kwartaal publiseer nie aangesien almal nou rondspring om vergaderings te hou en datums te bepaal. Sodra beskikbaar sal ons publiseer.

Baie sterkte aan almal vir die kwartaal en as ons saamwerk kan ons weer vir die kinders geleenthede tot deelname aan skoolaktiwiteite verseker. Dit is ten minste een stap nader aan normaal waarna ons graag sou wou terugkeer.

Vriendelike groete.



P Booysen: Hoof

Uitreksel uit die onderstaande Regulasies soos gepubliseer op 31 Julie 2021.

DISASTER MANAGEMENT ACT, 2002 : GENERAL NOTICE 442 OF 2021

"**11. Sport and extracurricular activities**

(1) Subject to sub-directions (5) and (6), and in compliance with social distancing, hygiene and safety measures on COVID-19, as contemplated in these directions, the DBE Standard Operating Procedures and the Regulations, contact sport, non-contact sport, including training, intra-school and inter-school matches, and all arts and culture intra-school and inter-school activities, may resume without any spectators.

(2) Co-curricular and enrichment programmes, such as oral history, spelling bee, moot court, speech contests, debates and school clubs, may resume activities including competitive inter-school events and engagements, without any spectators.

(3) Choir practice or rehearsals and choir competitions may resume in well ventilated areas or outdoors with all participants maintaining social distancing, without any spectators.

(4) National, provincial, district championships and tournaments for both contact and non-contact sport that require learners to travel to other schools or provinces may resume with strict adherence to prescribed transport regulations and directions.

(5) The following safety measures must be adhered to when resuming the activities contemplated in this direction:

(a) The number of persons in venues where the activities take place, change rooms or training areas, at any given time, must not be more than 50% of the capacity of the venue with persons observing the social distancing requirements;

(b) for outdoor activities, the total number of persons, including participants, officials and other personnel must not exceed 100 and for indoor activities the number of persons must not exceed 50.

(c) face masks must be worn by all persons entering the venues where the activities take place, change rooms or training areas, except when participating in training or matches;

(d) there must be sufficient quantities of hand sanitizers, with at least 70% alcohol content, available for use by all officials, coaches, assistants, learners and participants;

(e) there must be facilities for washing of hands with soap and water;

(f) all windows and doors must remain open, where feasible, to ensure adequate ventilation;

(g) social distancing must be maintained at all times; and

(h) the sharing of drinks and drink containers is not allowed.

(6) The school or venue hosting the events or activities must ensure that venues, tools and equipment are cleaned and sanitized before and after any activities.".

Commencement

4. These amendment directions come into operation on the date of publication thereof in the Government *Gazette*.